# **'n Dam wat oorloop.** **Maandag 9 Nov. 2020**

## Joh 4:10,11

**Sing: Skrifberyming 8-2** "'k Gee my Heili'ge Gees aan julle, wat die krag verleen en trou…"

In Suid Afrika is ons almal wel bekend met droogte en die noodsaaklikheid van water. Daarom bou ons damme en gaar water op. Dink maar aan die afgelope tyd hoe die Theewaterskloof-dam wat Kaapstad se hoofbron is leeg was. As die damme leeg is, is daar nie water vir mens en dier nie. So moet die damme voortdurend vol gemaak word deur reën. God gee die reën, maar ons moet oor die aarde heers en daarom bou ons damme.

Maar ook ek en jy is 'n dam van God. Ook ons moet voortdurend gevul word met die geestelike reënwater. Dit wat ons mee gevul moet word is die evangelie is Jesus Christus.

In **Jer 2:13** lees ons dat God Homself openbaar as die bron van die **Lewende Water.** *"My volk het twee sondes begaan: Hulle het My, die bron van lewende water, verlaat, en hulle het vir hulle waterbakke uit klip gekap, waterbakke wat gebars is en nie water hou nie."*

Jesus Christus is die Lewende Water. Jesus Christus is die weg en die waarheid en die lewe. Jesus Christus is die rede hoekom ons met God versoen is.

Ons besef nie dat ons ook geestelike droogtes ervaar as ons nie gereeld deur die Lewende Water aangevul word nie. Jesus Christus het dit self aan die vrou by die put geleer lees ons van in Joh 4:10,11.

**Joh 4:10** "Jesus het haar geantwoord: "As jy geweet het wat God gee, en wie dit is wat vir jou sê: 'Gee My 'n bietjie water om te drink,' sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir jou lewende water gegee het."
**Joh 4:11** "Die vrou sê toe vir Hom: "Meneer, jy het nie eens 'n skepding nie, en die put is diep. Waar gaan jy die lewende water vandaan kry?"

Geliefdes, jy kan nie self lewe en groei in die geloof as jy nie gereeld, die Lewende Water soek nie. Daarom moet jy bid, Bybellees, persoonlike godsdiens hou, Bybelstudies bywoon, eredienste saam met die gemeente hou. Jy moet jou voed en jou binneste, jou geestelike dam volmaak elke dag. As jy dan vol is van liefde en kennis en geloof is jy soos 'n dam wat oorloop en ander mense kan voed. Moet dus nooit ophou om jou dam vol te maak, sodat jou dam kan oorloop nie.

**Joh 7:38** "Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei." **Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)